NAVORSINGSPLAN

Rehuel Borstlap
St.5A
President Brandskool
Bloemfontein

22/07/1993

1. ALGEMENE STUDIETERREIN : GEESTESWETENSKAP

2. SPESIFIEKE STUDIETERREIN:

2.1 DIE STAMBOOM EN GESKIEDENIS VAN MY VOOROUERS

2.2 PROBLEEMSTELLING: Die geskiedenis van ons familie is nog nie aangeteken nie, en ek sal probeer om al die besonderhede te versamel en te koördineer.

2.3 DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK: om my voorgeslag in volgorde aan te teken.

3. HIPOTESE: Kennis van die familiegeskiedenis kweek familietrots.

4. TERREINAFBAKENING: Bepaling van my persoonlike stamboom.

Voer gesprekke met ouer familielede, by name my oupa, C.W.R.Z. Borstlap (Ventersdorp).

5. WERKSWYSE:

5.1 Stappe wat gevolg gaan word in die ondersoek:

5.1.1 Onderhoud met familielede. Praat met C.W.R.Z. Borstlap, Mej. Hilda Borstlap (88), Mev. Marie Viljoen, (Laasgenoemde twee persone albei in ouetehuise in Bloemfontein), Mnr Johannes Lodewikus Borstlap (Secunda), en Ds Neels Borstlap (Hopetown).

5.1.2 Naslaanafdeling van die Stadsbiblioteek, Bloemfontein. Boek van Pama, Die Geskiedenis van Suid-Afrikaanse families.
Stel die adres van die Buro vir Heraldiek in Pretoria vas.
Besoek die Argiefbewaarplek van Bloemfontein.

5.2 TIPIESE INLIGTING EN DATA BENODIG OM NAVORSING UIT TE VOER.
Name, geboortes en troues.

5.3 LYS VAN NAME EN ADRESSE VAN PERSONE WAT BEHULPSAAM KAN WEES:
C.W.R.Z. Borstlap, Ventersdorp
Bibliotekaris, Bloemfontein
Argivaris, Bloemfontein
Buro vir Heraldiek, Pretoria

5.4 MATERIAAL, TOERUSTING EN HULPMIDDELS WAARVAN GEBRUIK GEMAAK GAAN WORD:

Boeke in Biblioteek
Dokumente in Argiefbewaarplek
Telefoonoproepe
Besoeke

5.5 FINANSIERING VAN PROJEK: Self

6. BEOOGDE EINDPUNT: Stamboom met beskrywende paragrawe.

GESKIEDENIS

Die eerste en enigste Borstlap wat na Suid-Afrika gekom het, was CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTES BORSTLAP, 'n onderwyser vanaf Rotterdam, Nederland. Hy het voet aan wal gesit in 1868. Die presiese datum is onbekend. Hy is gebore circa 1838.

Hy is getroud met 'n meisie wat hy hier in Suid-Afrika ontmoet het, HEILTJE MAGDALENA ESTERHUIZEN. Die huwelik was geseën met 12 kinders.

Die tweede laaste seun, was CHRISTOFFEL JOHANNES BORSTLAP, gebore op 14 Julie 1889. Hy was getroud met JOHANNA DOROTHEA PIENAAR , gebore op 22 September 1893. Die egpaar het drie kinders gehad. Die enigste seun, CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTES, is gebore op 19 April 1929, op Ladybrand, in die Oranje Vrystaat. Die familie het in die destydse Suidwes-Afrika gewoon en op die plaas Excelsior , in die Kalkfelddistrik, geboer.

CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTES is getroud met PATRICIA FOTHERINGHAM, gebore op 22 Desember 1929. Die egpaar het sewe kinders :
CHRISTOFFEL JOHANNES BORSTLAP
REHUEL BORSTLAP
LEON BORSTLAP , (gebore op 14 Augustus 1953 op Otjiwarongo, Suidwes-Afrika)
THEODOR BORSTLAP
PATRICIA BORSTLAP (nou van der Walt)
HELENE BORSTLAP (nou Roux)
CATHERINE BORSTLAP (nou van Wyk)

Die derde seun van CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTES BORSTLAP, LEON, my vader, is getroud met ISABELLA JACOBA HERCULINA JOSLING (gebore 29 November 1953). Die egpaar het twee seuns:
DIRK GERBER BORSTLAP (gebore op 28 November 1978 op Otjiwarongo, Suidwes-Afrika
en
CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTUS BORSTLAP (ek) (gebore op 13 Februarie 1980 op Keetmanshoop, Suidwes-Afrika en vanaf 1981 woonagtig in Bloemfontein.)

LEON BORSTLAP
MAKELAAR

TRUSTBANK TWEETORINGTAK
POSBUS 4120
BLOEMFONTEIN
TEL 301640 W 214792 H

BESLAGSREGISTER

CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTES BORSTLAP
1838

HEILTJE MAGDALENA ESTERHUIZEN

CHRISTOFFEL JOHANNES BORSTLAP
14 Julie 1889

JOHANNA DOROTHEA PIENAAR
22 September 1893

CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTES BORSTLAP
19 April 1929

PATRICIA FOTHERINGHAM
22 Desenber 1929

LEON BORSTLAP
14 Augustus 1953

ISABELLA JACOBA HERCULINA JOSLING
29 November 1953

CORNELIUS WILHELMUS REHUEL ZELOTES BORSTLAP
13 Februarie 1980